

Nog 'n inskrywing in ons kompetisie vir boerplanne en -patente wat werk. Elke maand word twee weners aangewys. Hulle wen elk 'n kontantprys van R5 000.

# Klub woeker met hul Boerbokke

Hierdie klub gaan uit sy pad om te sorg dat sy lede altyd oor genoeg inligting beskik om 'n sukses van hul boerdery te maak. Dit sluit selfs hul eie webwerf, vraerubrieke en opleidingsessies in.



Die klub se embleem.



**D**eeglike en gereelde kommunikasie deur verskillende kanale – van die internet tot die drukmedia – dra by tot die groot sukses wat die Bosveld-Boerbokklub deur die jare behaal het. Die klub bestaan reeds 36 jaar en het steeds net een doel voor oë, naamlik om dit vir sy lede moontlik te maak om volhoubaar met bokke te boer en die ras te verbeter.

Die oorspronklike Bosveld-Boerbokklub is reeds in 1964 onder leiding van mnr. Jan Segers van Louis Trichardt gestig, maar die klub het ná 'n paar jaar ontbind. In 1980 het dit as die Noord- en Noordwes-Transvaalse Boerbokklub herleef, hierdie keer met die stukrag

van mnr. Hans Nel van Ellisras. Met die totstandkoming van die Sentrale Binnelandse Boerbokklub in 2003 het hulle 'n deel van hul gebied, Noordwes, verloor en was dit 'n logiese besluit om die naam weer na die Bosveld-Boerbokklub te verander. Dit het in 2005 gebeur danksy die volgehoue en harde werk deur mnr. Tobie Fourie van Louis Trichardt, wat van 1995 tot 2005 voorsitter was. Die klub het toe 39 lede gehad. Mnr. Jan Hoffman van Makwassie het daarna by hom oorgeneem.

Mnr. Johan Boshoff van Marble Hall is nou die voorsitter. Die res van die bestuur bestaan uit mnre. Douw van der Merwe van Pretoria (ondervoorsitter), André Pienaar van Mookgopong (Naboomspruit; sekretaris) en die gewone lede mnre. Juan Kruger van Mookgopong, Ruan

'n Mooi Boerbokram. (Foto: Annemarie Burger)



**BO: Mnr. Johan Boshoff (regs) en André Pienaar by 'n paar van Pienaar se bokke.**

**LINKS: Boerbokke gedy nie op natuurlike weiding nie, maar pas ook uitstekend op aangeplante weiding aan. Hier wei 'n klompie bokke op raai gras.**

Smith van Polokwane (Pietersburg), Scott Moffett van Rustenburg en Josef Kleynhans van Lephallale (Ellisras).

Die klub het sowat 120 lede met altesame 12 000 ooe. Nie almal is stoettelers nie. Die klubgebied se grense is die gedeelte van Noordwes noord van die N4 nasionale pad, insluitende Rustenburg en Brits, die hele Limpopo, Mpumalanga noord van die N4 en Gauteng noord van die N4 asook die hele Pretoria.

Enige Boerbokteler van elders in die land kan egter aansluit en aan die klub se skoue en veulings deelneem.

Boshoff dien sedert 2004 in die bestuur. Hy en nog 'n jong man, mnr. Joubert Fourie, het kragte saamgesnoer om die klub se werksaamhede en nut vir die lede uit te brei. Hul uitgangspunt was dat as die lede meer bokke

wil verkoop, wat 'n belangrike lewensaar vir 'n bokboer is, moet die getal telers en ooigetalle vermeerder. Die klub het in 2003 net een skou en een veiling per jaar gehad. Nou is daar vier skoue en sewe veulings per jaar, versprei oor die gebied, danksy die skerp toename in die ledetal en getal bokke in hul besit. Soos uit hierdie getalle gesien kan word, het hul veldtog gewerk.

“Dit het die bal aan die rol gesit, want die kommersiële telers het toe ook gevra om veulings onder die klub se vaandel te hou. Hulle koop immers stoet-ramme op ons stoetveeulings. Daarom het ons met kommersiële veulings begin, wat tot die stoet-én kommersiële boere se voordeel is,” sê Boshoff. Hy was in 2005 sekretaris, verlede jaar ondervoorsitter en het vanjaar voorsitter geword. “Die kommersiële veulings is ook 'n ►

AEROSALES AFRICA (PTY) LTD



a member of the Safomar Group

## VEILIG BETROUBAAR VEELDOELIG

Hardwerkend en stylvol, die ENSTROM bied besondere voordele in veiligheid, betroubaarheid en effektiwiteit.

Geskik vir Suidelike Afrika se warm & hoë gebruikers omgewing.

Verseker beste resultate van bespuiting van gewasse.  
Verseker suksesvolle en akkurate wild telling en wild vangste.



Aerosales Africa (Edms) Bpk, 'n filiaal van Safomar Groep van maatskappye verteenwoordig die Enstrom reeks van silinder asook turbine aangedrewe helikopters in Afrika.

**Vir meer inligting kontak:**

Tel: 011 397 6260

Cell: 083 263 6256

Email: sales@safomar.co.za

Web: www.safomar.co.za

**Moeg gesukkel?  
Probeer Tal-Tec.**



**Mobiele Drukgang & Nekklamp**



**Mobiele Nek & Lyfklamp**



**Mobiele Laaibank**



**Mobiele Werk & Laaibank**



[www.taltec.co.za](http://www.taltec.co.za)

Tel: +27 12 250 2188

Faks: +27 12 250 2286

E-Pos: taltec@icon.co.za



◀ belangrike afsetpunt vir ons kuddeboere se ooie.”

Die goeie pryse wat op die klubveilings behaal word, is ’n bewys dat dit goeie veilings met goeie bokke is en dat die klub se bemarkingsveldtog suksesvol is. Daar is groot belangstelling in die klubveilings vanuit die opkomende-boer-sektor, ook uit ander Afrikalande.

’n Belangrike manier om siektes te bekamp, is om met aangepaste diere te boer. Daarom verskaf hulle onder meer inligting in hul veilingsbrosjures daarvoor, soos of ’n teler in hartwatergebied boer of nie. Hartwater is vir van die grootste veeverliese in die Bosveld verantwoordelik. Veral jong telers is dalk nie so ingelig nie en kan per abuis bokke koop wat nie teen hartwater bestand is nie. Dan kan sulke bokke dalk vrek as ’n bosluis hulle byt.

Die klub se lede kommunikeer veral baie oor siektes met mekaar en maak ook van veeartse en kundiges van dieregesondheidsmaatskappye gebruik om die lede op die hoogte van siektebestuur te hou.

Ooie wat vir een van die klub se

**Dié bokras is baie vrugbaar. Hier laat suip ’n Kalahari Red-ooi haar drieling.**

stoetveeveis bestem is, moet voor die skou gesonar word om te bepaal of sy dragtig is. Ou ooie (sestand en ouer) wat nie dragtig is nie, word nie vir stoetveilings aanvaar nie.

Veilingsramme word op die veilingsperseel vir vrugbaarheid getoets deur ’n veearts wat deur die klub aangewys word. Onvrugbare ramme word nie op die veilings aangebied nie. So beskerm die klub die kopers op die veilings.

Pienaar, wat in 2006 tot die bestuur verkies is, sê hulle het hul bemarkingsaksies verder uitgebrei deur boeredae in verskillende streke te hou. “Ons het ons bokke na die mense toe geneem,” verduidelik hy. Hulle hou ook uitstallings op skoue en feeste om die klub en die Boerbok wyer bekend te stel.

Verlede jaar het Pienaar ’n webblad vir die klub ontwerp, wat lewendig gehou word om die belangstelling te behou. Inligting en

## Daar is groot belangstelling in die klubveilings vanuit die opkomende-boer-sektor, ook uit ander Afrikalande.

foto’s van hul doen en late word daagliks bygevoeg. Mense kan vrae oor enigiets oor die SA Boerbok en Kalahari Red vra. Die vrae word deur kundiges beantwoord. Veeartse beantwoord vrae onder ’n skuilnaam, naamlik Dokter Bok. Die webblad verskaf ook skakels na ander bronne van inligting, soos *Landbouweekblad* se webblad **landbou.com**, met verwysing na artikels oor die bokras, siektes en voeding.

Dit lok baie besoekers en in Junie was daar by twee geleenthede meer as 10 000 besoeke per dag. Van die besoeke is vanuit die buiteland, terwyl die lede en selfs Boerboktelers van ander plekke in die land ook gereeld gaan kyk wat op die webblad aangaan.

Hulle het verder ’n elektroniese nuusbrieff, *Bokkie Blêêêêr*, wat elke kwartaal die lig sien en die gewildste van al hul publikasies is. Daarin word onder meer aandag aan sosiale sake en prestasies op skoue en veilings gegee. Dit bevat ook artikels en verslae oor boeredae, resepte, terugvoering van besoeke aan telers in ander streke en aktuele sake.

Die klub bied twee keer per jaar ’n kursus vir junior lede aan waarin die aandag op onder meer rasstandaarde en bestuur val. Twee van hul vroulike lede, mee. Tania Botha en Lisa van Staden, is reeds gekies om as ringbeampies op te tree, die eerste vroue in die klub wat dit vermag. Hulle


was gedurende Augustus op Bela-Bela (Warmbad) se skou en vandeemaand op die Tshwane-skou in Pretoria bedrywig.

Die klub lok voortdurend nuwe lede, selfs mense wat nog nie voorheen met Boerbokke geboer het nie. “Ons sal byvoorbeeld probeer om ’n beesboer te oortuig dat dit in sy belang is om Boerbokke aan te hou omdat hulle ’n ander deel van die veld (bosse en struike) benut en só die veld se drakrag en die boerdery se winsgewendheid verbeter,” sê Pienaar.

Boerbokke help ook om bosindringing te bekamp deurdat hulle struike en bosse se blare aggressief benut.

Die klublede boer ook met die Boerbok se twee ander boeties, die SA Kalahari Red en die Savanna. Benewens kleur is die rasstandaarde vir die drie bokke baie dieselfde. Die verskil is dat die Boerbok ’n rooi kop moet hê, terwyl die Kalahari Red rooibruin is en die Savanna ’n wit bok is.

Die Kalahari Red staan sterk in die streek en die meeste Suid-Afrikaanse telers van dié bokke kom in die Bosveld voor. Daarom het die SA Boerbok-telersgenootskap besluit om die Kalahari Red se nasionale jaarvergadering voortaan in Pretoria te hou en die nasionale veiling vanaf volgende jaar ook in dié stad aan te bied.

Die lede is interaktief en ruil gereeld inligting uit, soos oor siektes en die bekamping daarvan. Die antwoorde kom vinnig as iemand ’n probleem op die webblad opper. 

**Navrae:** Mnr. André Pienaar, e-pos: [boerbok@bosveldboerbokklub.com](mailto:boerbok@bosveldboerbokklub.com), of besoek [www.bosveldboerbokklub.com](http://www.bosveldboerbokklub.com).

# Graanprysrisikobestuur: Verbeter jou “gut feel”?

**Vra vir Frans** [www.franslyons.co.za](http://www.franslyons.co.za)

**FransLyons**

GESPESIALISEERDE PRYSRISIKOBESTUUR

**Kry die beste resultaat**

80358D\_FL\_1